

19 Augustus

Jesaja 39:1-8, 2 Kronieke 32:24-33

(Teks: 39:4, 32:25)

Die vraag na dankbaarheid

Maak jy in jou lewe die lof aan die Here uit dankbaarheid sigbaar en hoorbaar?

In Jesaja 39 word op 'n teenstelling gestuit soos dit in die lewe van koning Hiskia sigbaar en hoorbaar geword het. Daar was alle rede en geleentheid daartoe om uit dankbaarheid die lof aan die Here te laat opklink, maar dit het nie gebeur nie. In Jesaja 38 word verhaal hoe Hiskia van sy siekte deur die Here genees is. Die beeld wat ons in Jesaja 38 kry, is die beeld van iemand wat sy lewe in dankbaarheid aan God wy. In Jesaja 39 tref ons Hiskia egter nie gevul met dankbaarheid aan nie, maar ingenome met homself (2 Kronieke 32:5). Aan 'n gesantskap uit Babel laat Hiskia baie sien, soos dit bevestig word in sy antwoord op die direkte vraag deur Jesaja 39:4: "Wat het hulle in jou paleis gesien?" Hierdie vraag bring ons egter ook by die ontdekking van dit wat Hiskia die gesantskap nie laat sien en hoor het nie: Die lof wat God uit dankbaarheid toekom vir 'n weldaad aan hom betoon. Deur die vraag van Jesaja tree die volgende teenstelling aan die lig: Waar dankbaarheid die hart vul, kan oor God nie geswyg word nie, maar waar selfingenomenheid die hart vul, kan oor jouself nie geswyg word nie.

Om die lof aan die Here uit dankbaarheid in ons lewe te laat opklink, beteken om in die ware sin van die woord hieraan gestalte te gee: Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

Sing Psalm 9:10

Ds. E J. Tiemensma (Secunda)